# VYFTIG JAAR NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK IN OOS-AFRIKA.
## ('n Kort Oorsig)

Aan die begin van hierdie eeu het verskillende groepies mense, hoofsaaklik uit die omgewing van Middelburg, Bronkhorstspruit en Ermelo na Duits-Oos (Tanganjika) en Brits-Oos (Kenia) verhuis.

Daar bestaan net een rede vir die trek alhoewel daar ook ander redes genoem word. Onder die nasate van die eerste trekkers na Duits-Oos byvoorbeeld word as die groot rede vir die trek genoem dat hulle ouers nie kans gesien het om na die val van die Zuid-Afrikaansche Republiek weer onder Engelse bewind te staan nie. Hulle sou dan 'n nuwe, vrye land iewers in Afrika gaan soek het. Hieraan kan egter nie al te veel waarde geheg word nie, want dié trekkers het na gebiede in Oos-Afrika getrek wat reeds deur ander moondhede beset was en indien hulle verwag het dat die Duitsers vir hulle 'n stuk van Duits-Oos sou afstaan om 'n eie republiek te stig, dan was dit niks anders as 'n fantastiese droom nie [1].

Die enigste rede wat vir die trek aangevoer kan word, is die **trekgees.** Soos Karl Trichardt meer as 'n halwe eeu voor hierdie mense waarskynlik sover as Abessinië Afrika al trekkend binnegedring het, só het „die Wanderlust" ook die meeste van hierdie mense aangegryp. Aan die einde van die vorige eeu reeds vind ons Transvalers en selfs ook Vrystaters in Rhodesië waarvan sommige later weer probeer het om via Tanganjika die Kongo-Vrystaat te bereik.

### Die Trek Noordwaarts.

Interessantheidsonthalwe kan in die verbygaan genoem word dat die eerste persoon uit die Suidpunt van Afrika wat in Oos-Afrika gewoon het Johannes Jacobus Reitz, uit die Reitzfamilie van die Kaapkolonie was. Reitz was 'n offisier op die Britse skip Leven onder kaptein Owen. Toe hierdie skip in 1824 Mombasa aangedoen het, het die Sultan van Mombasa versoek dat sy stad onder Britse beskerming geneem sal word teen die Imam van Muscat. Reitz is toe deur Owen op die eiland gelaat as residentkommisaris. Hy is egter binne 'n jaar daarna oorlede, net voodat die berig hom sou bereik het dat die Britse regering nie belangstel in Mombasa nie [2].

---

1) Laurence G. Green, *Great North Road,* Cape Town 1961, p. 173: "Some of them seem to have been under the impression that they would be able to set up a republic in the empty country round-about the great mountains".

2) Vergelyk Elspeth Huxley, *White Man's Country,* Vol. I, London 1953, p. 9 en ook Green, l.c., p. 186.

Dit lyk asof Christiaan de Wet, 'n neef van Generaal Christiaan de Wet, die eerste Boer was wat in Duits-Oos ingetrek het. Hy het in 1902 vanuit Noord-Rhodesië die Duits-Oos grens oorgesteek blykbaar met die doel om 'n nuwe tuiste te soek. Hy het egter spoorloos in Tanganjika verdwyn [3]).

Vroeg in 1903 vertrek Generaal Pieter Joubert met sy geselskap vanaf Machadodorp met die doel om land te gaan soek in Duits-Oos [4]). Hulle reis per boot vanaf Lourenco Marques na Mombasa om Duits-Oos vanuit Brits-Oos binne te gaan. Die reis gaan verder per trein tot op Port Florence (die huidige Kisumu) aan die Victoria-meer en vandaar per roeibootjie al langs die Ooskus van die meer af tot by Mwanza aan die Suide van die meer. Vandaar is per voet getrek in 'n Suidoostelike rigting na die hooglande van Duits-Oos. Die ekspedisie was ongelukkig. Hulle het swaar gely aan malaria wat besonders straf is in die betrokke gebied. Op die 13de Maart is Generaal Dawid Joubert in die vreemde oorlede. Hulle het na Transvaal teruggekeer met die voorneme om nooit weer op hierdie pad te loop nie. Hulle was die eerste Boere wat deur die vreemde binneland van Brits-Oos getrek het [5]).

Op die 17de Oktober van dieselfde jaar stap die eerste Afrikaanse immigrant, W. J. van Bredá van die skip te Mombasa [6]). Hy en sy twee broers, Piet en Dirk, was waarskynlik die eerste boeremense wat hulle in die Uasin Gishu [7]) gevestig het.

Gedurende 1904 het 'n hele klompie huisgesinne — hoofsaaklik in twee groepe — uit die omgewing van Middelburg en Bronkhorstspruit na Duits-Oos getrek. Onder die eerste groep vind ons onder andere die volgende persone en hulle families wat aan die Hervormde Kerk behoort het : Jan Venter, Jannie de Beer en Flip van der Westhuizen. Onder die tweede groep wat ook by Tanga geland het was Hendrik en Stephanus van Emmenis en Koos la Grange. Hierdie mense het almal van Tanga na Mombo — die spoorlyn was nog net so ver voltooi — met die trein gereis en vandaar met ossewaens na Arusha. Die trek van Mombo na Arusha was bitter en moeilik. Paaie moes gemaak, brue gebou word en dit met die hulp van Bantoes wie se taal hulle nie geken het nie. Verskillende persone is aan malaria dood op die trekpad. Naby Arusha

3) Vergelyk Green, l.c., p. 170.
4) Die ander lede van hierdie sogenaamde „landsoekersekspedisie" was J. J. Joubert, Joachim de Clercq, General Dawid Joubert en sy seun Dawid Joubert.
5) Vergelyk Die Vyftigjarige Feesbrosjure van die Gemeente Meru, Tanganjika, 1904 - 54, bl. 5 en die Vyftigjarige Feesbrosjure van die N.G. Gemeente Vergenoeg, 1908 - 1958, bl. 17.
6) Hy is in 1907 deur die Elgeo-stam op sy plaas vermoor.
7) Uasin Gishu is die Masai vir „strome van beeste". Dit is die gedeelte van die „Wit Hoogland" wat Noord van die ewenaar in die westelike gedeelte van Kenia lê.

op 'n plekkie wat later Laki Laki genoem is, aan die Ngare Mtonni-rivier, het hulle kamp opgeslaan. Aan die begin van Desember het die kamp verskuiwe na die huidige Kampfontein [8]) aan die voet van die berg Meru waar ook later die skooltjie verrys het en die saal waarin die gemeente sy eredienste gehou het.

'n Ander groepie mense wat aan die einde van die vorige eeu reeds in Rhodesië was, vertrek in Augustus 1904 onder leiding van Marthinus Engelbrecht van Salisbury per trein na Beira, vandaar per skip na Tanga. Buite Tanga, op Kerogwe het hulle gewag op hulle waens wat van Durban moes kom. Met hierdie waens het hulle, sonder enige kennis van die wêreld, in 'n Noord-westerlike rigting begin trek, met — wat hulle gedink het — die Kongo-Vrystaat as hulle eindbestemming. Nadat hulle hul naby Kondoa Irangi vasgetrek het teen die Mburu-berge, het hulle van rigting verander en Noordwaarts begin trek in die rigting van Kampfontein. Na lang omswerwing een eindelose moeite het hulle aan die einde van 1905 op Kampfontein aangekom. Eers in 1909 het hulle die Uasin Gishu bereik en tot rus gekom [9]). Gedurende 1905 en later het nog meer groepies gevolg [10]) wat die geledere van die boere-mense in Duits-Oos versterk het.

Die vooruitsigte in die Duitse gebied was egter nie so rooskleurig as wat die trekkers verwag het nie. Hulle het moeilikheid met die Duitse owerheid ondervind en algemene ontevredenheid onder die trekkers het gevolg. 'n Kommissie [11]) wat afgevaardig was om die Goewerneur te gaan spreek, het onverrigterssake teruggekeer. Toe het 'n klomp (ongeveer twintig huisgesinne) besluit om verder noordwaarts te versit na Brits-Oos. Net buitekant Nairobi het hulle laer getrek. Sommige het toe met transportry in Nairobi 'n lewe probeer maak en ander, soos byvoorbeeld die Bekkers het na Thika getrek. Willem de Beer het op Athi-rivier gaan woon en die Wahl-, Viljoen- en du Preez-families het deur die Skeurvallei getrek na 'n plekkie Wes van die huidig Nakuru.

Hieruit is dit duidelik dat daar in die jare tussen 1903 en 1907 ook 'n klompie Afrikaners in Brits-Oos ingekom het. Hulle geledere is egter versterk deur die aankoms van die trek van Kommandant Jan Janse van Rensburg. Sy trek wat bestaan uit sewentig huisgesinne, was baie goed georganiseer. Hy het eers in 1907 (sommige beweer in 1906) Brits-Oos gaan verken en hy en sy privaatsekretaris, mnr. Gleeman, het

8) Die presiese datum van aankoms was die 4de Desember 1904.

9) Volgens 'n medeling van Mev. J. S. Steyn was daar onder hierdie trekkers uit Rhodesië mense wat uit Angola in Rhodesië ingetrek het.

10) Onder andere Koos Malan, die vader van Generaal Wynand Malan.

11) Lede van die Kommissie was Piet Joubert, Jannie de Beer en Carl Grobler.

ook met die Britse owerheid reëlings getref vir grootskaalse immigrasie uit Transvaal. Die Britse owerheid het destyds half desperaat gesoek na immigrante. Reeds in 1904 het die regering vir Marsden gestuur om immigrante in Transvaal te werf. Mense is gesoek om te kom boer op die Wit Hooglande van Kenia ten einde die spoorlyn wat vanaf Mombasa na Kisumu gebou is teen 'n geweldige koste, betalend te maak. Die spoorlyn is in Desember 1901 voltooi en toe eers het dit by die Britse owerheid begin deurskemer dat die spoorlyn ongeveer ses honderd myl deur niks loop nie. Die kolonie self moes ontwikkel word ten einde die spoorlyn betalend te maak. Die enigste moontlike ontwikkeling het gelê op die gebied van die landbou. Om hierdie rede het die Engelse dan ook vir oom Jan graag gehelp. Plase is op die Uasin Gishu aan sy trek belowe en landmeters het dit begin opmeet.

Op 8 Julie 1908 land hierdie trek by Mombasa. Oom Jan het die Duitse skip, die Windhuk, vir £1,740 gehuur. Die trek het uit 245 mense bestaan en op die skip was ook 47 waens en 70 perde. Die trek is per trein tot op Nakuru, waar hulle op die plaas van Frans Arnoldi hulle waens aanmekaar gesit en osse wat hulle daar gekoop, geleer het. Vandaar is die ossewatrek oor Molo, Rongai en Eldama Ravine met die „Slaters Road" na die Uasin Gishu. Dit was 'n baie moeilike trek. Die „Slaters Road" was eintlik 'n Safari-pad wat ongemaak oor die hoë rooigrond heuwels by die ewenaar tot oor die 9,000 voet bo seespieël kronkel. Die pad moes oopgekap word. Daarby het dit geweldig baie gereën. Die waens het voortdurend in die modder vasgeval. Die name wat die trekkers aan sekere plekke gegee het getuig van hulle moeite. Een besonder moeilike bos het by die Boere bekendgestaan as die „Neuk-maar-in-bos".

Op die wye vlaktes van die Uasin Gishu het die Boere begin werk. Onder baie moeilike omstandighede moes hulle begin om die latere spogplase uit die onbewerkte aarde te bou. Werkvolk was skaars, geheel en al ongewoon aan werk en daarby ook hopeloos te stadig vir die Kaboeroes [12]). Eldoret het die dorp van die Uasin Gishu geword, maar eers in 1925 is die spoorlyn vanaf Londiani na Eldoret voltooi. Geld was baie skaars omdat daar feitlik geen handel was nie. Al hulle produkte moes oor die ou „Slaters Road" per ossewa na Londiani vervoer word. Die eerste predikante van ons Kerk wat die Hervormers daar gaan besoek het, moes met hierdie pad na Eldoret reis. Sommige van hulle het nie al te aangename herrinneringe aan hierdie deel van die reis gehad nie!

---

12) Kaburu is die naam wat die Bantoes in Oos-Afrika vir die Boere gegee het.

**Die Stigting van ons Gemeentes in Oos-Afrika.**

Die lidmate van die Nederduits Gereformeerde Kerk is sommer vroeg na die eerste trekkers ingetrek het deur predikante van hulle Kerk besoek en bearbei. Die Nederduits Gereformeerde lidmate in Duits-Oos is reeds in 1904 deur ds. A. P. Burger besoek by welke geleentheid die Nederduits Gereformeerde gemeente Meru gestig is. In Julie 1906 het ds. N. Theunissen die lidmate van sy Kerk in Brits-Oos besoek. In 1908 het hy weer in die geselskap van ds. J. M. Louw die twee gebiede besoek. Die Nederduits Gereformeerde Gemeente Vergenoeg is toe deur ds. Louw op 2 Augustus 1908 gestig [13]) op die plaas van Frans Arnoldi waar die Van Rensburg-trek toe nog gestaan het. In albei gebiede het die besoekende predikante alles in hulle vermoë gedoen om die lidmate van die Hervormde Kerk by hulle op te neem. Baie Hervormers het dan ook lidmate van die Nederduits Gerformeerde Kerk geword. En toe die Hervormde Kerk, na baie smeekbriewe van sy lidmate uit Oos-Afrika, ook sy lidmate daar begin bearbei het, was daar groot bitterheid by sommige Nederduits Gereformeerde predikante.

> „In die Kerkbode van 24 November 1926 het ds. Nicol . . . . na aanleiding van 'n herderlike besoek van ds. L. E. Brandt aan die Hervormde Gemeente in Oos-Afrika, die volgende wysheid kwytgeraak :
> ‚Ruim vier-vyfdes van die Afrikaanssprekende bevolking behoort tot ons Kerk, en dit is te betreur, dat die Hervormde Kerk daarvoor gesorg het om die kerklike verdeeldheid van Transvaal ook daarheen oor te plant. Die klein verwaarloosde groepies Hervormde lede dien meteens nou as die wegspringplek vir die proselitering van die minder getroue onder ons lede'. En dan verder : ‚Ons moet toesien om nou sonder versuim die hele posisie daar in hande te kry'. [14]).

Van hierdie plan van ds. Nicol het daar nie veel gekom nie want daar was ook getroue Hervormers wat hulle Kerk onder geen omstandighede sou verlaat nie. Hierdie lidmate het dan ook besluit om hulle na die Kerk in „Die Suid" [15]). te wend vir hulp. Briewe is geskrywe aan ouderlinge D. P. J. van Schalkwyk, A. D. W. Wolmarans en die Algemene Kommissie. 'n Brief van die broeders F .A. en S.A. van Emmenis, gedateer 22 Oktober 1906 [16]), is op die Algemene Kerkvergadering van 12 Julie 1907 voorgelees. 'n Kommissie benoem om op die saak in te

---

13) Vergelyk Feesbrosjure van die N.G. Gemeente Vergenoeg, bl. 23. Ds. Louw het 193 lidmate van die N.G. Kerk, 56 van die Gereformeerde Kerk en 38 van die Hervormde Kerk in die gebied gevind.

14) Vergelyk *Die Hervormer,* Jaargang XXXIX, No. 4, bl. 7.

15) „Die Suid" is aanvanklik Transvaal en later Suid-Afrika.

16) Vergelyk Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk BIII/7.

gaan, beveel aan dat daar voortgegaan word met die korrespondensie met broeder van Emmenis, dat aan hulle versoek dat 'n predikant uit Transvaal hulle sal besoek voldoen moet word en dat navrae by die predikante gedoen moet word om vas te stel wie bereid is om te gaan. Op 14 November 1908 het die Algemene Kommissie ook besluit om „geldelijke hulp te vragen van de verschillende gemeenten onzer Kerk" [17]) vir gedeeltelike dekking van die reiskoste van die predikant wat die twee gemeentes sou besoek. Die gemeentes in Oos-Afrika het self ook verantwoordelikheid aanvaar vir 'n gedeelte van die reiskoste.

Van die begin af het veral twee sake die bearbeiding van ons lidmate buite die grense van ons land bemoeilik, naamlik 'n kroniese gebrek aan fondse en die voortdurende te kort aan predikante.

Op die 19de April 1910 het ds. J. J. Kühn die Algemene Kommissie in kennis gestel dat hy bereid is om na Oos-Afrika te gaan [18]). Die Kerkraad van Krugersdorp was bereid om aan hom verlof vir hierdie doel te staan. Hy kon egter weens swaar reëns in Oos-Afrika eers in September in geselskap van ouderling Hennie van der Merwe daarheen vertrek. Hulle het by Tanga aan wal gestap en per trein gereis tot op Same waar hulle ontmoet is deur „de oude vader van Emmenis in hoge ouderdom van 69 jaar" wat ondanks hierdie hoë ouderdom die lang reis per ossewa onderneem het om die predikant uit Transvaal te ontmoet. Hulle het op 29 September om Ngare Mtonni aangekom [19]).

> „De volgende Zondag (dit wil sê die 2de Oktober 1910) waren al de oudleden van de Hervormde Kerk van Zuid-Afrika tegenwoordig. En onder ander werd een gemeente gesticht en ouderlingen en diakenen gekozen . . . De gemeente telt 50 lidmaten". [20]).

Nadat ds. Kühn in die gemeente Nagmaal bedien het en ook nog dienste gehou het op Ngare Nanyuki en Ngare Nerobi, is hy en ouderling Van der Merwe deur ouderling A. S. de Beer en diaken J. J. Bekker per ossewa weggebring na Rauw by Moshi aan die voet van Kilimanjaro. Vandaar sou die reis verder gaan met 'n donkiewa na Voi, die eerste spoorwegstasie in Brits-Oos. Oor hierdie gedeelte van die reis het ds. Kühn hom as volg uitgelaat: „De reis van 100 mijl met donkeywagens was akelig". En sy raad aan predikante wat in die toekoms die twee gebiede sou besoek, was: „Ga nooit met donkiewagens van Tavetta naar Voi !" [21]).

---

17) Vergelyk Argief BIII/7.
18) Vergelyk Argief BIII/8.
19) Vir sy beskrywing van hulle reis en werk in Oos-Afrika vergelyk *Die Hervormer,* Jaargang II, No. 19, bl. 6. No. 20, bl. 4 en No. 22 bl. 8.
20) Vergelyk *Die Hervormer,* Jaargang II, No. 20, bl. 4.
21) *Die Hervormer,* Jaargang II, No. 20, bl. 5.

In Nairobi het ds. Kühn geen lidmate van die Hervormde Kerk gevind nie. Dit is vir hom vertel dat die meeste Hervormers in die streek na die Nederduits Gereformeerde Kerk oorgegaan het [22]). Van Nairobi is hulle per trein tot op Londiani en vandaar per ossewa deur „de Ceder- en Bamboesbossen . . . . de schrik en de smart van de Trekker", na die Uasin Gishu waar ds. Kühn op die 10de Desember 1910 die gemeente Rensburgrust gestig het op die plaas van oom Jan Janse van Rensburg, 'n paar myl buite Eldoret. Die gemeente het 'n paar in die dertig lidmate getel [23]).

In Julie 1912 het ds. Kühn weer die gemeentes besoek. Sy verslag meld vooruitgang in albei gemeentes. Slegs oor een saak kla hy :

> „Jammer slechts dat ook hier zovele onruststokers wonen mensen, die altijd meer weten dan ander mensen, die heiliger zijn, en aan een beter kerk behoren dan gewone christen mensen — vrouwtjes die gedurig leren en nimmer tot kennis der waarheid komen". [24]).

Op die Algemene Kerkvergadering van 3 Desember 1912 rapporteer ds. Kühn dat die sieletal van die gemeente Rensburgrust 75 is en die lidmaattal 30. In Duits-Oos is die sieletal 175 en die lidmaattal 75. Op dieselfde Algemene Kerkvergadering is ook 'n brief van S.A. van Emmenis en L. Alberts voorgelees wat vra om £100 hulp per jaar ten einde 'n eie predikant te kan beroep. Ds. Kühn het dit ondersteun : die mense in Oos-Afrika kan hulle self nie help nie en as die Kerk in Suid-Afrika hulle nie help nie sal hulle verloregaan vir Kerk en volk. Die vergadering was egter nie by magte om te help nie weens 'n tekort aan fondse [25]).

Ds. Kühn is in Julie 1914 vir 'n derde keer na Oos-Afrika. Die Eerste Wêreldoorlog breek egter uit terwyl die skip waarmee hy en mev. Kühn gereis het in die hawe van Dar-es-salaam gelê het. Die skip, die Tabora, het aan die Duitsers behoort en gevolglik moes die passasiers die skip verlaat wat nou vir oorlogsdoeleindes benodig was. Hy kon die gemeentes nie bereik nie en hy en mev. Kühn moes saam met enkele ander passasiers van die Tabora per Dhauw, wat deur ds. Kühn omskryf is as „een zeilende smerigheid en een drijvende varkenhok", na Zanzibar padgee. Hulle was gelukkig om met 'n Engels skip na Durban weg te kom [26])

---

22) *Die Hervormer,* Jaargang II, No. 20, bl. 4.

23) Vergelyk *Die Hervormer,* Jaargang II, No. 22, bl. 8.

24) *Die Hervormer,* Jaargang IV, No. b2, bl. 8.

25) Vergelyk Notule van die Algemene Kerkvergadering van 3 Desember 1912 bls. 5 en 6.

26) Vergelyk *Die Hervormer,* Jaargang VI No. 66, bl. 9 en No. 67, bl. 9.

Die gemeentes moes nege jaar gewag het voordat die volgend epredikant hulle besoek het. Dit was ds. L. E. Brandt in November en Desember van 1921. Hy het gevind dat die gemeente Rensburgrust baie verwaarloos het. Van die twee ouderlinge en twee diakens wat ds. Kühn bevestig het, het nog net een ouderling en een diaken gelewe. Die predikant van die Nederduits Gereformeerde Kerk het ook voortdurend gepoog om ons mense „moedeloos te maak". Hy het dan ook 'n samespreking met ds. Van Zyl van die Nederduits Gereformeerde Kerk en ds. Van der Walt van die Gereformeerde Kerk gehou oor samewerking tussen die drie susterskerke in Oos-Afrika. Op die samespreking het dit uitgekom dat die Nederduits Gereformeerde Kerk die Hervormde Kerk „wil opslikken".

Ds. Brandt het op 20 November 1921 die hoeksteen van die eerste ou kerkie van Rensburgrust gelê en die selfde middag is die kerkie, wat reeds voltooi was, nog ingewy.

Met die mense in die ou Duitse gebied het dit nog slegter gegaan. Hulle het baie gely onder die oorlog. Sommige gemeentelede is deur die Duitsers geïnterneer en enkeles se huise is selfs afgebrand.

Ds. Brandt het aan die twee gemeentes belowe dat 'n predikant uit Suid-Afrika hulle elke jaar voortaan sal besoek [27]).

In November 1922 besoek ds. en mev. H. P. Wolmarans die twee gemeentes [28]). Uit sy verslag [29]) blyk dit dat dit met die gemeente Rensburgrust redelik goed gaan. Die lidmaattal was toe 37. Die kerkgeboutjie was egter te klein en 'n nuwe kerk moet gebou word. Hy vermeld ook dat die meer besliste optrede van die kant vna die Kerkraad by ds. Loubser en sy skriba (van die Nederduits Gereformeerde Gemeente Vergenoeg) respek vir die Hervormde Kerk aangekweek het.

In die gemeente Arusha het hy 50 lidmate gevind. Die gemeente het nog nie 'n kerkgebou besit nie. Die eredienste is gehou in die skoolgeboutjie op Oldonjo Sambu. Die Gemeentevergadering van 20 Januarie 1923 het besluit om 'n kerkie te bou op 'n stuk grond wat geskenk is deur A. S. de Beer. 'n Boukommissie is gekies. Die algemene toestand van die gemeente was swakker as die van die gemeente Rensburgrust. Daar was geen handelsfasiliteite nie en daarby moet ook nog genoem word dat die gebied 'n mandaatgebied is wat „aan almal behoort". Die onsekerheid oor die toekoms van die land is groot.

---

27) Vir ds. Brandt se beskrywing van sy besoek vergelyk *Die Hervormer,* Jaargang XIII. No. 8, bl. 12; No. 10, bl. 16; No. 11, bl. 7; No. 12, bl. 6 en Jaargang XIV No. 1, bl. 8; No. 2, bl. 7 en No. 3, bl. 7.

28) Vergelyk *Die Hervormer,* Jaargang XIV No. 4, bl. 13; No. 5, bl. 16; No. 8, bl. 18; No. 9, bl. 13; No.10, bl. 7; No. 12, bl. 6.

29) Vergelyk *Die Hervormer,* Jaargang XIV No. 12, bl. 6.

Dr. H. C. M. Fourie het in November 1923 die gemeentes besoek en ongelukkig siek geword in Oos-Afrika [30]).

Ds. L. E. Brandt is weer in Oktober 1925 na Oos-Afrika. Dit het in altwee gemeentes beter gegaan as met sy eerste besoek [31]).

Met sy besoek in November en Desember van 1927 het ds. A. J. G. Oosthuizen [32]) ook op Thika (net buite Nairobi) 19 lidmate van die Hervormde Kerk gevind en 'n ouderling en diaken is gekies en voorgestel vir die afdeling. Met Rensburgrust het dit finansiëel en andersins goed gegaan. In Arusha het dit nie so goed gegaan nie. „Ons mense kry swaar en die regering verroer nie 'n vinger om die mense te help nie".

Die beloofde jaarlikse besoeke is voortgesit deur ds. J. J. Prinsloo in Januarie 1928 [33]), ds. P. S. Grobler in Maart 1929 [34]), ds. M. M. Grobler in November 1929 [35]) en ds. J. P. van den Berg in November 1933 en weer in November 1934. Uit hulle verslae blyk dit dat dit steeds beter gegaan het met die gemeente Rensburgrust maar dat die gemeente Arusha aanhou kwyn het. Ds. M. M. Grobler rapporteer dat die gemeente Rensburgrust 'n tender vir £1,500 aanvaar het vir die oprigting van 'n nuwe kerkgebou. Na voltooiing van die kerk wil die Kerkraad in kombinasie met Arusha 'n eie predikant beroep.

Tussen die besoek van ds. M. M. Grobler en die eerste besoek van ds. J. P. van den Berg het drie jaar verloop. Dit was drie uiters moeilike jare vir die twee gemeentes. 'n Stroom briewe uit Oos-Afrika het gepleit vir bearbeiding en sommige van die skrywers het selfs beweer dat die bestaan van die Hervormde Kerk in Oos-Afrika bedreig word. Ds. Van den Berg het „tekens van harwar en agteruitgang gevind" organisatories sowel as wat die beginsels van die Kerk betref. Met sy laaste besoek het hy ook die hoekteesn van die nuwe kerkgebou van Rensburgrust gelê [36]). Die gemeente het groot moeilikheid ondervind met die betaal van die kerk. Geld was bitter skaars. Die bouaannemer kon nie betaal word nie en dit word vertel dat hy om dié rede selfmoord gepleeg het.

Ook die geestelike toestand in die gemeentes het agteruit gegaan. Dit het vir die Kerkrade duidelik geword dat die wyse van bearbeiding ontoereikend is en dat 'n verandering vinnig aangebring sou moes word.

---

30) Vergelyk *Die Hervormer,* Jaargang XV No. 11, bl. 12.
31) Vergelyk *Die Hervormer,* Jaargang XVII No. 7, bl. 137 en No. 8, bl. 162.
32) Vergelyk *Die Hervormer,* Jaargang XVIII, No. 17, bl. 186-188 en No. 18, bls. 230-232.
33) Vergelyk *Die Hervormer,* Jaargang XIX No. 15, bl. 187.
34) Vergelyk *Die Hervormer,* Jaargang XX No. 14, bl. 197 en No. 15, bl. 211.
35) Vergelyk *Die Hervormer,* Jaargang XXI No. 19, bl. 223.
36) Vergelyk *Die Hervormer,* Jaargang XXIV No. 3, bl. 5. Ds. van den Berg se tweede besoek was 'n privaatbesoek.

Wanneer predikante uit „Die Suid" die gemeentes besoek het, het die mens die beste voetjie voor gesit en allerlei beloftes gemaak, maar sodra die predikant weer vertrek het, het dit maar weer soos altyd gegaan. Daarby moes onderwysaangeleenthede onmiddellike aandag geniet ten einde te verseker dat die Afrikaners daar in die vreemde trou sou bly aan hulle taal en kultuur. 'n Eie predikant moes verkry word, maar daarvoor het hulle ook die finansiële hulp van die Kerk in Suid-Afrika nodig gehad. So dien op die vergadering van die Algemene Kommissie van 11 Desember 1935 verskillende dringende en ook dreigende pleitbriewe [37]) om 'n eie predikant. Die Algemene Kommissie kon egter nie 'n onmiddellike oplossing vind nie. En toe dien op die vergadering van die Algemene Kommissie van 5 Maart 1936 [38]) 'n brief van ds. Dednam van die Gereformeerde Kerk oor die toestand van ons gemeente in Eldoret. Die Skriba van die Algemene Kommissie, ds. T. F. J. Dreyer, het ten regte die brief gesien as 'n aanklag teen die Hervormde Kerk en op sy voorstel is besluit om 'n proponent na Oos-Afrika te stuur. Daar is toe besluit om proponent A. Brandt te nader en indien hy sou inwillig moet hy deur die Ring van Standerton georden word vir Oos-Afrika op die 25ste Maart 1936. Hy het ingewillig en op 1 Mei 1936 na Oos-Afrika vertrek [39]) om een jaar lank daar as „tydelike predikant" te gaan werk. Die Algemene Kommissie het aan ds. Brandt £10 per maand vir vier maande gegee. Die gemeente Rensburgrust het nog £5 per maand bygevoeg sodat ds. Brandt se volle traktement £15 was.

Ds. Brandt het onmiddellik begin werk. Op die 17de Junie 1936 dien 'n skrywe van hom waarin hy vermeld dat dit finansieël sleg gaan in Rensburgrust en dat daar 130 lidmate is. Hy is van plan om die volgende jaar onderwys te gaan gee by die skooltjie op Broederstroom in die plek van L. S. Wolmarans wat 'n jaar verlof het. Ds. Brandt was dan ook in 1937 waarnemende hoof van die betrokke skool. Hy het op hierdie wyse baie vir sy gemeente gespaar.

Nog in September 1936 het hy die gemeente in Tanganjika gaan besoek vir drie maande. Die gemeente het aanmerklik verswak. Op Arusha het hy slegs 34 lidmate gevind. Hy het egter ook in die suidpunt van Tanganjika die Hervormers op die goudvelde van Lupa (naby Mbeya) besoek en daar 40 lidmate gevind [41]).

Ds. Brandt se bearbeiding het groot opofferings van hom geverg maar feitlik onmiddellik vrugte begin afwerp. Die skuld van Rens-

---

37) Vergelyk Argief BI/6 en Lêer No. BIII/30.
38) Vergelyk Argief BI/6, bl. 31. Ds. Dednam was 'n vriend van ons mense in Oos-Afrika.
39) Vergelyk *Die Hervormer*, Jaargang XXVII No. 5, bl. 9.
40) Vergelyk Argief BI en lêer No. BIII/30.
41) Vergelyk Argief lêer No. BIII/6. Ds. Brandt se verslag aan die Algemene Kommissie.

burgrust is gou betaal en vroeg in 137 was hulle reeds so sterk dat hulle ds. Brandt op 14 Augustus 1937 in kombinasie met Arusha gemeente beroep het. Ds. Brandt het die beroep aangeneem en hy is op die 16de Januarie 1938 deur sy vader bevestig [42]). Sy traktament van £300 per jaar is deur die gemeentes self ten volle betaal.

Ds. Brandt het 'n groot gebied bedien : die hele Tanganjika, Kenia en die afgesonderde lidmate van ons kerk in Oeganda en die Kongo. Toe hy egter in 1940 'n beroep aangeneem het na Memel en Glencoe het die bekende moeilike proses om 'n eie predikant vir Oos-Afrika te kry, weer voor begin. Eers in 1948 het die twee gemeentes weer 'n predikant gekry toe ds. J. J. Prinsloo vir ds. D. J. van Staden daar gaan bevestig het. Ds. van Staden het aanvanklik altwee gemeentes bearbei. Weens die uitgestrektheid van die gebied wat bedien moes word en die groei van die twee gemeentes was dit spoedig nie meer moontlik vir een predikant om alles te behartig nie. In 1950 het Rensburgrust die kombinasie met Arusha opgesê. Ds. Van Staden het 7 jaar in Ooos-Afrika gedien en voortreflike werk gedoen. In daardie jare het die gemeente Rensburgrust ook sy hoogtepunt belewe maar het die onheilswolke ook reeds aan die horison verskyn met die uitbreek van die Mau Mau-opstand. Ds. Van Staden is opgevolg deur ds. C. J. Mans en na sy vertrek in 1959 het ds. J. Breitenbach die twee gemeentes bedien tot in Mei 1962.

Toe Rensburgrust die kombinasie met Arusha opgesê het, het laasgenoemde gemeente weer ernstig probleme ondervind. Finansieel was hulle te swak om alleen 'n predikant te beroep. Daarby kom ook nog dat die gemeentelede groot uitgawes gehad het om die skooltjie op Kampfontein aan die gang te hou. In Tanganjika was daar nie so iets soos verpligte skoolbesoek nie met die gevolg dat die kinders van die onwilliges deur die gewilliges wat ook die mense was wat die Kerk in Arusha aan die gang gehou het, gedra moes word. Hierdie dubbele probleem naamlik, herderloosheid en die nood van die skool op Kampfontein het onder die aandag van die Algemene Kerkvergadering van 1954 gekom. Die Algemene Kerkvergadering het besluit om 'n predikant vir drie jaar na Arusha te stuur en het ook nog £1,000 per jaar vir die doel gestem. Die blanko-beroepsbrief van die Kerkraad van Arusha is aan ds. C. L. van den Berg oorhandig wat die beroep ook aanvaar het. Ds. Van den Berg het die gemeente bearbei tot kort voor die Algemene Kerkvergadering van 1957. Dit was gelukkige dae vir die gemeente van Arusha. Die gemeente het vinnig verbeter. Daar het nuwe moed onder die verslaenes gekom, en die ou garde wat deur die jare soveel moes doen om ook die ander te dra, het met nog groter opoffering aan die werk

---

[42]) Vergelyk die verslag van ds. L. E. Brandt aan die Algemene Kommissie op 24 Januarie 1938. Argief lêer No. BIII/6.

gespring. Vir die predikante en sy huisgesin was dit seker nie altyd so aangenaam nie. Die eerste pastorie was 'n klein geboutjie op die werf van oom Nan Pretorius wat deur die Kerkraad vir die doel reggemaak is. Later het die predikant en sy huisgesin ingetrek in die koshuis op Kampfontein waar hy en sy egenote ook nog opgetree het as koshuisvader en moeder. Dit het beter gegaan met die skool. Nog ten tyde van ds. Van den Berg se verblyf in die gemeente is besluit om 'n pastorie op Arusha te bou.

Op die Algemene Kerkvergadering van 1957 het ds. Van den Berg daarvoor gepleit dat daar weer 'n predikant na Arusha sal gaan op dieselfde voorwaardes wat vir hom aangebied was en met dien verstande dat die Algemene Kerkvergadering weer die gemeente finansieel sal help. Ds. H. R. Visser het die beroep kort na die afloop van die sitting van die Algemene Kerkvergadering aanvaar.

Om die ganse problematiek van Oos-Afrika, veral wat onderwys betref, beter onder die aandag van die Algemene Kommissie te bring, is 'n gesamentlike kerkraadsvergadering van die twee gemeentes in Julie 1958 in die kerksaal op Kampfontein gehou. Die probleme van die twee gemeentes is grondig bespreek en die twee predikante het opdrag ontvang om 'n volledige rapport daaroor aan die Algemene Kommissie te stuur. Opgrond van hierdie rapport en ander vertoë het die Algemene Kommissie 'n rukkie later vir ds. J. G. M. Dreyer, vise-voorsitter van die Algemene Kommissie, en mnr. A. B. van N. Herbst, die Administrateur, gestuur na Oos-Afrika om sake ter plaatse te ondersoek, Allerlei aanbevelings is gemaak wat aan die Algemene Kommissie vir goedkeuring voorgelê sou word. Die aanname van hierdie aanbevelings het verligting gebring veral ten opsigte van sekondêre onderwys. Na my beskeie mening het hierdie gesamentlike vergadering van die Kerkrade van die twee gemeentes en die besoek van ds. Dreyer en mnr. Herbst egter veels te laat plaasgevind, want in 1958 was die tyd van die Afrikaner in Oos-Afrika reeds byna verstreke en daar was nog maar min gedoen om veral die kinders voor te berei vir wat op hulle gewag het.

Dit pas dat ons ook hier hulde sal bring aan manne wat groot diens verrig het onder ons mense in Oos-Afrika. Onder die baie mense wat opofferende diens gelewer het in diens van die kerk en van ons volk in Oos-Afrika, wil ons die name van twee mense noem naamlik dié van oom Gert de Beer wat byna 'n leeftyd gewy het aan onderwys te Kampfontein en dié van „Wolfie" Wolmarans wat ook vir baie jare dieselfde werk in Kenia gedoen het.

Dit moet ook vermeld word dat daar uit elkeen van die twee gemeentes 'n predikant vir ons Kerk gekom het naamlik ds. J. B. J. van Rensburg uit Rensburgrus en ds. W. C. M. de Beer uit Arusha.

**Die Trek na die Suide :**

Soos die jare verbygegaan het na die Tweede Wêreldoorlog, het dit al duideliker geword dat die dag spoedig sou aanbreek vir die Afrikaner in Oos-Afrika dat hy weer sou moes trek en hierdie keer sou die trek nog maar alleen suidwaarts kon beweeg na Suid-Afrika, omdat dit elders in Afrika vir hom onmoontlik geword het om te wees wat hy is.

Die Engelse het in altwee gebiede 'n beleid van gelykstelling voorgestaan. Dit het egter aanvanklik nie vreeslik baie gesê nie, want alhoewel geen „colour-bar" erken is nie, is daar tog 'n „culture-bar" op so 'n wyse gehandhaaf dat die lewe vir die Afrikaner darem nie totaal onmoontlik was nie. Met enkele uitsonderings het die Afrikaner hier in die vreemde trou gebly aan sy ideale wat in die skooltjies en op kultuurfeeste voortdurend ingeskerp is. Dit was ook die werk van die Kerk om voortdurend nougeset te waak teen vreemde invloede uit hierdie hoek.

Na die Tweede Wêreldoorlog het die Engelse begin skuldig voel oor hierdie „culture-bar" en moes hierdie wyse van uitsluiting en ontwyking van die ander rasse uitgeroei word. Op staatkundige gebied het die „multi-racialism" as beleid vir Oos-Afrika begin vorm aanneem. Maar terwyl hulle nog met hierdie eksperiment besig was, het die Mau Mau-opstand uitgebreek. 'n Klompie blankes maar ook duisende Kikuyu's is deur hulle stamgenote op bloeddorstige wyse om die lewe gebring. Die Afrikaners is, merkwaardig genoeg, met enkele uitsonderings, nie gemolesteer nie. Sommige Britse politici het hierdie uitbraak van die primitiefste barbarisme „land-hunger" genoem en die Koloniale Kantoor het onder druk van die Kommuniste en Afro-Asiate gereed gemaak vir 'n oorhaastige skenking van algehele onafhanklikheid. Daar is gedink dat die swart state van Afrika vriendelik sou bly teenoor Engeland indien die finale oordrag van die regeirng so spoedig moontlik sou kon plaasvind al sou dit dan ook wees lank voordat die inwoners van die land hulle self ordelik kon regeer. Hierdie vriendskap het vir Engeland swaarder geweeg as die lewe en welsyn van 70,000 blankes in Kenia, die meeste Engelse en Afrikaners wat vroeër nie net deur die Engelse toe dit gepas het na die land toe uitgenooi is nie, maar in der waarheid gesoebat is om in Kenia te kom boer ten einde 'n „spook spoorlyn" wat plus-minus £6,000,000 gekos het, betalend te maak [43]. Engeland was bereid om hierdie mense prys te gee nadat haar oë geopen is deur kommunistiese en Afro-Asiatiese agitasie sodat sy kon sien dat hierdie 70,000 blankes nog nooit iets anders as „cruel land-grabbers" en „oppressors of harmless black men with every beautiful virtue" [44]) was nie ! Tereg het

[43]) Vergelyk Walter Carey, *Crisis in Kenya,* London 1953, p. 14.
[44]) Carey, *l.c.,* p. 14.

Biskop Carey se moeder gesê „England's interpretation of love your enemies is hate your friends". [45]).

En hierdie keer het ons mense ook in die slag gebly, want hulle was deur bloed gebind aan daardie, byna vir die hele res van die wêreld haatlike volk, wat heilig daarvan oortuig is dat daar in rasse-integrasie vir niemand enige heil opgesluit is nie — nie vir die blanke nie, maar ook nie vir die nie-blanke nie. Hulle het gesien hoedat die vlam van haat hoog teen hulle opgeblaas word en geweet : dit is tyd om weer te trek, te trek na die land en die volk wat ons verlaat het. En met hulle saam het ook duisende Engelse gekom wat deur hulle eie mense weerloos by Yomo Kenyatta en Julius Nyerre se altare gelaat is.

Daar is nog enkele lidmate van ons Kerk in Oos-Afrika woonagtig. Die kerkgebou op Eldoret en die twee pastorieë is egter reeds verkoop. Vir alle praktiese redes het die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika opgehou om te bestaan in Oos-Afrika.

**— C. J. Mans.**

[45]) Carey, *l.c.*, p. 11.